

17 Julie

Lukas 19:11-27

(Teks: 19:12 en 13)

Christus, ons Koning, verwag van ons getrouheid

In Jesus se tyd kon iemand in die onderhorige lande nie koning word sonder die goedkeuring van die keiser in Rome nie. Hierby sluit Jesus aan: Hy is die Man uit 'n koninklike familie deur sy Vader na die aarde gestuur om verlossing te bring. Nadat sy werk afgehandel is, vaar Hy op na die hemel (die ver land) en ontvang die koningskap van sy Vader. Ons het 'n Koning. Wat moet ons doen tot Hy weer kom? Is ons sonder leier en sonder koers en rigting? Hy het egter nie vertrek nie alvorens Hy ons (sy diensknegte) sorgvuldig ingelig het wat ons te doen staan terwyl Hy weg is. Elkeen het 'n gawe ontvang - sy gawe. Daardie gawe moet benut word. Die Meester verwag van ons getrouheid aan Hom terwyl Hy weg is.

Ons moet elke geleentheid aangryp om die invloed van die evangelie op ons eie lewens en op dié van ander te laat geld, want dit verander mense se lewens; dit is "nuttig" (2 Tim 3:16). Met dié Woord word 'n mens getroos, word jy gevorm, want die Heilige Gees gebruik dit kragtig. Hoeveel wins het jy al verkry uit God se woord? Hoeveel wins het daar van jou kant af al uitgegaan na die lewens van ander mense? Aan elkeen wat het, sal gegee word. Hoe meer jy met die evangelie verryk word en ander verryk, hoe meer sal jou vreugde, jou vrede en jou innerlike geluk word en sal jy by die wederkoms van jou Koning ryklik beloon word. Van hom wat nie het nie, sal weggeneem word ook wat hy het. As jy die woord verwaarloos, sal jy al hoe minder daarmee te doen wil hê. Toe Bybel, leë kerk en die afwesiges sal al hoe verder van God afdwaal sodat hulle by die wederkoms met leë hande van God weggestuur sal word. Is jy 'n dienskneg wat getrou bly aan jou taak?

Sing Psalm 103:10 en 11

Ds. P.H. Fick (Springs)